# 2021
# GOD EERSTE
# RENTMEESTERSKAP HERLEWINGSWEEK

Johannes 4:34
*My voedsel is om die wil te doen van Hom wat my gestuur het.*

**Plan**

| **TEMA** | **TITEL** | **TEKS** |
|---|---|---|
| God Eerste deur tyd te neem om te aanbid | My Vader se Besigheid | Lukas 2:41-49 |
| God Eerste deur andere eerste te stel | Die Mure Moet Val | Lukas 19:1-9 |
| God Eerste deur vir uself te sorg | Gekoop Teen ‘n Prys | Lukas 9:10, 28 |
| God Eerste deur andere te bedien | Fasiliteerders van ‘n Nuwe Visie | Lukas 18:35-43 |
| God Eerste deur die Sabbat te Hou | Die God Eerste Dag | Lukas 6:6-10 |
| God Eerste deur God as Here te erken | Die Transaksie van ‘n Leeftyd | Lukas 20:9-19 |
| God Eerste deur opofferende offergawes | Milddadig … Selfs Wanneer Dit Seermaak | Lukas 21:1-4 |

## DAG 1

**Tema:** God Eerste deur tyd te neem om te aanbid
**Titel:** My Vader se Besigheid
**Bybelteks:** Lukas 2:41-49

### My Vader se Besigheid

Dit was algemeen in antieke tye vir ‘n seun om sy vader se ambag te leer en te volg. Indien jou vader ‘n visserman, ‘n ystersmid, ‘n skrynwerker, ‘n boer, of ‘n priester was, was dit heel waarskynlik dat jy een sou word. Dinge het vandag baie verander. My pa was ‘n kok en ek is nie trots om te sê dat ek net weet hoe om eiers te bak, kitsnoedels voor te berei en ‘n gemengde slaai aanmekaar te slaan nie. Dank God dat dit nie so was met Jesus nie. Hy was toegewy aan Sy Vader se besigheid. Ons lees in Lukas 2:49, “En Hy sê vir hulle: Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?” Volgens Sy mening, was om Sy Vader se besigheid te doen, nie opsioneel nie; dit was ‘n plig wat Hy verlang het om te vervul. Jesus het in Jerusalem agtergebly vir drie dae om Sy Vader se besigheid te doen. Wat kan ons van die twaalfjarige Jesus leer oor om ons Vader se besigheid te doen?

### My Vader se Besigheid

Dit is interessant om op te let dat die woord “besigheid” nie teenwoordig is in die oorspronklike teks nie. Dit was bygevoeg deur vertalers om ‘n duideliker betekenis aan die woorde van Jesus te bring. Anders, sou die letterlike vertaling gelees het: “in die van My Vader.” Gebaseer op die konteks, het vertalers dit goed gevind om die woord “dinge” by te voeg: “in die (dinge) van My Vader.” Hierdie byvoeging lei tot twee moontlike vertalings: “In My Vader se besigheid” of “In My Vader se huis.” Vertalings wat “In My Vader se besigheid” gebruik, fokus op die *aksies* waarin Jesus betrokke was. Vertalings wat “In My Vader se huis” gebruik, fokus op die *plek* waar Jesus daardie drie dae deurgebring het. Vir ‘n volledige begrip van “My Vader se besigheid,” sal ons beide betekenisse behou: Jesus was in Sy Vader se huis en besig om Sy Vader se werk te doen.

### Sit, Luister, Vra Vrae

Wanneer ons dink aan die jong Jesus besig om Sy Vader se besigheid te doen, dink ons gewoonlik aan Hom wat vrae beantwoord en Sy kennis met die priesters en luisteraars deel. Hierdie episode van die twaalfjarige Jesus in die tempel voorsien egter ‘n meer alomvattende beskrywing van Jesus besig om Sy Vader se besigheid te doen. Ons lees in Lukas 2:46-47: *“En ná drie dae het hulle Hom in die tempel gevind, terwyl Hy in die midde van die leraars sit en na hulle luister en hulle uitvra.* ***47*** *En almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy verstand en sy antwoorde.”*

Vers 47 praat van Jesus se aksies: Hy het Sy kennis gedeel en vrae beantwoord. Die beskrywing van Jesus wat sy Vader se besigheid doen, begin egter met vers 46. Lukas gebruik ‘n ander groep werkwoorde: gesit, geluister, en gevra, nie om te leer en te antwoord nie. Het Hy meer gesit as opgetree? Meer geluister as gepraat? Meer vrae gevra as geantwoord? Ons weet nie. Maar alles was deel daarvan om Sy Vader se besigheid te doen. Dit was ‘n volledige pakket. Om die Vader se besigheid te doen, het twee komponente: optrede namens die Vader en om in die teenwoordigheid van die Vader te wees.

Gewoonlik, wanneer ons praat oor om namens die Vader op te tree, verwys ons na onderrig, prediking, gesondmaking, en om te gee. Ek nooi u egter uit om vir ‘n oomblik te fokus daarop om in die teenwoordigheid van die Vader te wees deur te sit, te luister, en te vra.

**Sit**

Hierdie woord, sit, dra die idee oor van Jesus wat waarneem, oorweeg en mediteer oor wat besig was om rondom hom te gebeur. Ellen White lewer kommentaar oor die houding van Jesus: “Hy was stil en peinsend, blykbaar besig om ‘n groot probleem te ontrafel. Die misterie van Sy sending het by die Heiland gestalte gekry.…Hy het eensaamheid opgesoek” (*Die Koning van die Eeue,* 78). So ‘n houding is nie gewild in die bedrywige wêreld van ons kontemporêre kultuur nie. Vandag, komplimenteer ons besige daders, welsprekende sprekers, en diegene wat deur skares omring of gevolg word. Ons waardes is so verskillend van die van Jesus! Hy het in stilte gesit, verdiep in meditasie, alleen met sy Vader. Hy het Sy Vader se besigheid gedoen deur nie haastig te wees nie, maar deur eers te gaan sit.

Om stil te sit, of om stil te wees in Sy teenwoordigheid, is ‘n noodsaaklike element daarvan om ons Vader se besigheid te doen.

Die profeet Hábakuk nooi ons uit om by Jesus aan te sluit in hierdie ondervinding: “Maar die Here is in sy heilige tempel – swyg voor Hom, o ganse aarde!” (Hab. 2:20). Ons lees in Psalm 46:11, “Laat staan en weet dat Ek God is.”

**Luister**

Jesus het ook Sy Vader se besigheid gedoen deur tyd deur te bring om na die leringe van die skrifgeleerdes en wetsgeleerdes te luister. Die werkwoord “luister” sinspeel op die voorneme om te verstaan en te leer, nie slegs om te hoor wat gesê was nie. In daardie dae was ‘n kamer in die tempel afgesonder vir openbare onderrig. Sommige studente sou op ‘n lae bankie sit, met die jongstes op die grond, letterlik “aan die voete” van hulle instrukteur. As ‘n twaalfjarige seun, was dit waarskynlik waar Jesus was. Ellen White beskryf Sy houding in hierdie woorde: “Jesus was soos Een wat dors na ‘n kennis van God” (*Die Koning van die Eeue,* 78).

Jesus as die Woord van die lewe en as die vleesgeworde Wysheid het ‘n voorbeeld gestel vir al Sy volgelinge: “gedors na ‘n kennis van God.” Luister ons en smag ons na ‘n dieper kennis van God of is ons tevrede met ‘n vlak en oppervlakkige kennis wat jare gelede verkry was?

Lukas 11:28 vertel ons van die hoofpunt wat Jesus gemaak het in die verhaal van die twee bouers, waar een op die sand gebou het en die ander een op die rots gebou het: “En Hy sê: Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar. ” Om die woord van God te hoor en dit dan te doen, was die maatstaf wat deur Jesus gebruik was om te onderskei tussen die wyse en die dwase. Die boek van Openbaring begin deur die belangrikheid te noem daarvan om na God se woord te luister soos wat ons die eindtyd nader: “Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby” (Openbaring 1:3).

**Vra**

Die een wat vrae vra, is gewoonlik op soek na ‘n dieper kennis en soek na duidelikheid of begrip. Om ‘n vraag te vra, is ‘n soektog om meer te leer. Ellen  White deel die aard van Jesus se vrae: “In ‘n soektog na kennis het Hy hierdie leraars begin ondervra oor die profesieë en die gebeurtenisse van daardie tyd wat op die koms van die Messias gewys het” (*Die Koning van die Eeue*, 78).

God nooi ons uit om met Hom verbind te raak vir dieper kennis. Ons lees in Jeremia 33:2, 3, “So spreek die Here wat dit doen, die Here wat dit formeer om dit te bevestig, Here is sy Naam: Roep My aan, en Ek sal jou antwoord en jou bekend maak groot en ondeurgrondelike dinge wat jy nie weet nie.”

Die ondervinding van die profeet Daniël, gekies direk na Jeremia, vertel ons hoe God verbind is om ons vrae te beantwoord wanneer ons dit waag om te vra. Daniël het gesê, “Terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek, uitgeput van vermoeienis, ‘n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer. En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee. ” (Daniël 9:21-22). Vra, sê God, en Ek sal My geheimenisse aan jou openbaar.

Vandag het ons duidelikheid nodig oor die tyd waarin ons leef, soos wat Daniël gehad het. Hoe maak ons sin uit al die gebeure wat rondom ons gebeur? Vra God en Hy sal insig en begrip voorsien.

Op twaalfjarige ouderdom, in die tempel van Jerusalem, het Jesus eerste gekies om te sit, te luister en te vra. Dit is hoe Hy Sy Vader se besigheid gedoen het.

**Soek Sy Teenwoordigheid**

Wat kon Jesus gemotiveer het, ‘n twaalfjarige tiener seun om agter te bly terwyl Sy ouers en vriende teruggekeer het na Nasaret? Hy het die pret en kameraderie van die reis gemis sodat Hy in die tempel kon wees. Anders as Jesus, kla ons so dikwels omdat ons pret mis omdat ons ‘n paar ure in die kerk moet spandeer of in God se teenwoordigheid. Ek verstaan die keuse wat Jesus gemaak het beter wanneer ek die woorde van die psalmis lees: “Want ‘n dag in u voorhowe is beter as duisend; ek wil liewer by die drumpel staan in die huis van my God as om te woon in die tente van goddeloosheid” (Psalm 84:11). Volgens hierdie psalm, was die tempel ‘n plek van keuse, nie oor die pragtige marmer en kosbare gesteentes nie, maar omdat dit “u woninge is, o Here van die leërskare” (v.2). Jesus het verlang na die teenwoordigheid van God, vir intimiteit met Sy Vader. Dit is waarom Hy agter gebly het.

Psalm 84 gebruik ‘n ander beeld, ‘n geografiese beeld, om die keuse te regverdig daarvan om in God se tempel te wees: “As hulle deur die Droë Laagte trek, maak hulle dit ‘n fonteinland; ook oordek die vroeë reën dit met seëninge” (v. 7). Die Droë Laagte was in werklikheid ‘n vallei naby Jerusalem— en Die Droë Laagte beteken ook die plek van geween. Diegene wat die tempelervaring het, word ook bemagtig om werklikhede te verander, selfs harde werklikhede, in beide hulle persoonlike lewens en die lewens van ander. Hulle dade word vergelyk met verfrissende fonteine en herfsreëns wat nuwe lewe bring. Huil mense oor uitdagende lewensomstandighede, verliese, en siektes? Diegene wat sit, luister, en vra is ‘n bron van troos, aanmoediging, hoop en inspirasie. Dit was Jesus se sending, en dit is ook ons sending.

**Gevolgtrekking**

Jesus was betrokke daarin om Sy Vader se besigheid te doen deur onderrig, prediking, diens, en opoffering van Homself. Hierdie is ‘n goeie beskrywing van Sy openbare lewe, maar dit is nie ‘n volle prentjie van Hom wat Sy Vader se besigheid doen nie. Hy het ook gesit, geluister, en gevra. Dit was die grondslag vir sy bediening en selfopofferende diens. Jesus wys ons dat om ons Vader se besigheid uit te voer, moet ons eers sit, luister, en met die Vader kommunikeer. Hoe meer ons oorpeins, luister, en bid, hoe meer sal ons na die beeld van die Vader verander word. Mag hierdie ons ondervinding wees dwarsdeur die “God Eerste” Rentmeesterskap Beklemtoningsweek.

**Delf Dieper**

- Wat is u eie ervaring met sit, luister, en vra gedurende u lewensreis?
- Watter struikelblokke kan ons verhinder om betrokke te raak in die sit, luister en vra ondervinding? Hoe kan ons daardie struikelblokke oorwin?

**My Belofte Vandag**:

**------**

## DAG 2

**Tema:** God Eerste deur andere eerste te stel

**Titel:** Die Mure Moet Val

**Bybelgedeelte:** Lukas 19:1-9

### Die Mure Moet Val

Die verhaal van Saggéüs van Jerigo is ‘n verhaal van mure wat geval het. Lukas 19:1-8 praat oor hoe die mure van skeidings in die lewe van Saggéüs afgebreek was, en hoe verhoudings tussen homself en God en tussen homself en andere herstel was. Sy verhaal is vol instruksie vir enigeen wat streef na beter verhoudings.

### Saggéüs en die Versterkte Stad

Saggéüs het in ‘n antieke stad gewoon, die eerste stad wat ingeneem was nadat Josua en die Israeliete die Jordaan rivier oorgesteek het. Dit was ‘n historiese plek. Die stad was weer eens gewild gedurende die tyd van Saggéüs. Herodus die Grote het ‘n winterwoning by Jerigo opgerig, en hy het daar in 4 v.C. gesterf. Die stad was ‘n streeks ekonomiese middelpunt as gevolg van die produksie van dadels, wyn, speserye, en parfuum. Die strategiese ligging van die stad, in die middel van antieke Palestina se netwerk van paaie, was verantwoordelik vir baie van sy gewildheid. Handelaars, soldate, en pelgrims sou deur Jerigo gaan, en Saggéüs, ‘n tollenaar, het voordeel getrek uit hierdie situasie.

Hierdie is hoe die Evangelie van Lukas Saggéüs voorstel: “En daar was ‘n man met die naam van Saggéüs, ‘n hoof van die tollenaars en ‘n ryk man.” (Luk. 19:2). Sy naam openbaar dat hy van Joodse oorsprong was, maar deur sy werk was hy ‘n Romeinse amptenaar. Hierdie het hom in ‘n twyfelagtige en moeilike posisie geplaas. Jode het hom as ‘n verraaier gesien en hom gehaat. Hy was nie toegelaat om deel te neem aan die gemeenskaplike lewe van die plaaslike sinagoge nie. Hy was beide sosiaal en godsdienstig uitgesluit. Waarom sou ‘n persoon so ‘n verwerping wou verduur? Die antwoord kan gevind word in die laaste beskrywing van Saggéüs: hy was ‘n “ryk” man. Hy het sy sosiale verhoudings opgeoffer ter wille van geld en materiële besittings.

Klaarblyklik was Saggéüs suksesvol in sy loopbaan en in sy doel om ryk te word. Hy het gevorder na die rang van die hooftollenaar. Hy was presteerder Saggéüs. Met al daardie rykdom en sukses, sou ons verwag dat Saggéüs gelukkig sou wees. Nogtans het dit gelyk asof daar iets in sy lewe kort gekom het. Hy wou ‘n leegheid wat hy binne in homself gevoel het, vul. Ons lees in verse 3 en 4 “*En hy het probeer om Jesus te sien, wie Hy was; maar vanweë die skare kon hy nie, omdat hy klein van persoon was. En hy het vooruit gehardloop en in ‘n wildevyeboom geklim, sodat hy Hom kon sien, want Hy sou daarlangs verbygaan*.”

Ellen G. White verduidelik die verlange van Saggéüs om Jesus te sien in hierdie woorde: “Tog was die ryk doeanebeampte nie heeltemal so ‘n harde man soos wat hy voor aangesien is nie. Onder die masker van wêreldsheid en trots was ‘n hart wat ontvanklik was vir Goddelike invloede … Die tollenaarhoof het verlang om die aangesig te aanskou van die een Persoon wat hy so graag wil sien” (*Die Koning van die Eeue*, 553-554). Sy

geld en rykdom kon nie sy wanhopigheid wegneem nie. Saggéüs het verlang na een of ander verhouding anders as wat hy met materiële dinge gehad het.

Volgens die teks hierbo, moes Saggéás twee struikelblokke oorkom om hierdie nuwe verhouding te vestig: sy kort lengte en die reuse en vyandige skare. Kwaliteitverhoudings kom altyd met ‘n koste. Vir Saggéüs was dit om te hardloop en in die boom te klim met sy kleed aan.

**Jesus Die Muurafbreker**

Die mure van Jerigo het eeue tevore geval toe Josua en sy weermag vir sewe dae rondom dit geloop het. Ons kan aanneem dat Saggéüs sommige mure in sy eie lewe afgebreek het, mure soos ongeletterheid en armoede. Die verhoudingsmuur was egter nog steeds sterk en hoog, met geen hoop dat dit sou omval nie. Hy het nie kwaliteit verhoudings geniet nie, nie met mense rondom hom nie en ook nie met God nie. Om in die wildevyeboom te wees, was ‘n goeie beginpunt, maar dit was nie genoeg om die muur wat Saggéüs van ander geskei het, af te breek nie. Die besoek van Jesus aan Jerigo sou ‘n omdraaipunt wees.

Saggéüs het daarna gemik om ‘n terughoudende en onpersoonlike verhouding met Jesus te vestig vanuit die bokant van sy boom. Maar Jesus het ‘n beter aanbod vir hom gehad in vers 5: “En toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sien hom en sê vir hom: Saggéüs, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly.” (Lukas 19:5). Jesus het hom ‘n noue en persoonlike verhouding aangebied. Dit was Saggéüs se ware maar onuitgesproke verlange, en hy het uit die boom geklim. Die Gees van Profesie lewer kommenaar op die reaksie van Saggéüs: “Die skare gee pad en Saggéüs loop soos een in ‘n droom om die pad na sy eie huis te wys” (*Die Koning van die Eeue,* 554). Jesus het die pad na Saggéüs se huis geken, maar hy wou hê dat Saggéüs die weg moes lei, en soos ‘n heer, het Hy nie Sy weg ingeforseer nie. Saggéüs moes die deur oopmaak.

Later in die dag, het Jesus gepraat oor die rede vir Sy besoek aan Saggéüs se huis. Ons lees in verse 9 en 10, “Toe sê Jesus aan hom: Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook ‘n seun van Abraham is. Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.” Daar was twee noodsaaklike stukke inligting in hierdie gedeelte. Jesus praat oor die identiteit van Saggéüs as om “’n seun van Abraham” te wees. In Jesus se perspektief, het Saggéüs bestaan deur sy affiliasie met die familie van Abraham, en verder, tot die menslike familie. Saggéüs was geskep in verhouding en vir verhouding. Deur hierdie karaktertrek te ontken, deur om gedryf te word deur sy begeerte vir materiële dinge, het hom weggelei van sy identiteit. Hy het nou ‘n onbevredigende en onvervulde lewe gelei, om die minste daarvan te sê. Ons natuurlike behoefte aan verhouding kan nooit vervul word deur materiële besittings nie of deur prestasie nie. Dit was noodsaaklik vir Saggéüs om weer gekoppel te raak met sy identiteit as ‘n verhoudingswese.

Die tweede stuk inligting in hierdie finale kommentaar was oor die sending van Jesus. Jesus beskryf dit in verhoudingsterme: “om te soek” en “om te red.” Hy red ons nie slegs van sonde nie, maar ook van sonde se

gevolge, naamlik, mure van skeiding wat tussen God en mense opgerig word en tussen mense en mense. Die apostel Paulus het hierdie aspek van Jesus se bediening beklemtoon toe hy geskryf het, "En dit is alles uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het." (2 Korinthiërs 5:18). God se verlossing herstel ons as sosiale wesens.

Deur Keuse, was Saggéüs 'n muurbouer, deur genade en liefde, het Jesus die Muurafbreker in sy lewe geword.

**'n Lewe Sonder Mure**

Die ontmoeting tussen Saggéüs en die Muurafbreker was nie sonder herstelling nie. Ons lees in vers 8, "Maar Saggéüs het gaan staan en aan die Here gesê: Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes; en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." Dit was 'n plegtige en betekenisvolle stelling dat Saggéüs gekies het om nie sittend of rustend te bly nie. Die muurbouer het uiteindelik besluit om 'n eerlike lewe te leef, een sonder mure.

Een van die eerste mure wat hy besluit het om af te breek, was die muur van skeiding tussen die armes en die rykes. Saggéüs, die ryke, het besluit om weer met die armes te skakel. Hy het nie slegs 'n gelofte gemaak om die armes te bevriend, met hulle te praat, met hulle te speel, en om vir hulle te bid nie, maar om deel te neem in die verandering van die toestand van hulle lewens. Daar is vier tipes van verhoudings wat ons kan aangaan met diegene wat anders is as ons: geen verhouding, 'n verhouding op goeie terme, 'n self-belangstellende verhouding, of 'n bemagtigde verhouding. Saggéüs het homself betrokke gemaak in 'n bemagtigende verhouding. Om dit te doen, het Saggéüs die instruksies van die Een wat na hom uitgereik het, geïmplementeer, wat in Levitikus 25:35-37 gevind word "En as jou broer by jou verarm en agterraak, moet jy hom ondersteun, soos 'n vreemdeling en bywoner, dat hy by jou kan lewe. Jy moenie rente of wins van hom neem nie, maar jy moet jou God vrees, dat jou broer by jou kan lewe. Jou geld mag jy hom nie op rente gee nie, en jou eetware mag jy nie teen wins gee nie."

Die vorige gierige en selfsugtige Saggéüs het in iets ondenkbaar betrokke geraak. Hierdie kwaliteit van verhouding met ander was moontlik as gevolg van die intieme ontmoeting met die Heiland. Wanneer ons met God koppel, word ons selfsugtige neigings oorwin, en word ons na Sy beeld verander.

Behalwe om met die armes te deel, het Saggéüs homself voorgeneem om terug te gee wat hy gesteel het. Sommige verhoudings kan nooit herstel word sonder behoorlike vergoeding nie. 'n Basiese beginsel is om verantwoordelikheid te neem vir 'n gebroke verhouding, te erken dat ons die ander verkeerd behandel het, en alles moontlik te doen om die verkeerde optrede reg te stel. Ellen White maak hierdie opmerking oor die vergoeding van Saggéüs: "Geen bekering is opreg as dit nie tot hervorming lei nie" (*Die Koning van die Eeue*, 535). Wanneer 'n verhouding geskend was, is dit nie wys om te probeer om vinnig aan te beweeg sonder om die oorsaak agter die konflik van die verlede aan te spreek nie. In die afwesigheid van voldoende sluiting, sal wonde weer oopgemaak word, en die vestiging van 'n diep en opregte verhouding sal voorkom word!

**Gevolgtrekking**

Saggéüs het vir jare binne die mure van materialisme geleef en hy was nie gelukkig of tevrede nie. Na sy ontmoeting met Jesus, het ‘n verhouding met God en andere voorkeur geniet bo die verkryging van rykdom. Hy was bevry uit sy goue gevangenis, en hy het ‘n instrument van vryheid vir ander geword. Waarom nooi ons nie Jesus om op te tree as ‘n muurafbreker in ons lewens nie?

**Delf Dieper**

- Indien u gemaklik is, deel hoe ‘n gebroke verhouding herstel was.
- Hoe het u gevoel oor hierdie ondervinding?
- Worstel iemand huidiglik om sommige verhoudings te herstel en te verbeter? Wil u graag vra vir God se hulp?

**My Belofte:**

**DAG 3**
**Tema: Gekoop Teen ‘n Prys**
**God Eerste deur vir andere om te gee**
**Peter N. Landless**

Vroeg in my mediese praktyk het ek so pas ‘n gesonde dogtertjie verlos met ‘n Keisersnit by die plaaslike hospitaal. Nadat dit gedoen was, was ek terug in my kantoor besig om pasiënte te sien, toe my telefoon gelui het en die stem aan die ander kant het my vrede in duie laat stort.

“Die pasiënt bloei,” het die verpleegster gesê. “Kom onmiddellik.”

Verskeie oorsake en gevalle scenario’s het deur my gedagtes geflits byna so vinnig soos die spoed waarmee ek terug gery het hospitaal toe. Ons sendingkantoor was geleë in ‘n landelike opset, en daar was nie ‘n bloedbank nie. Wat sou ons doen?

Toe ek by die hospitaal ingestap het, het ek onthou dat my tipe bloed en die van my sterwende pasiënt dieselfde was. Alhoewel hulle huiwerig was om dit te doen, het ek die personeel beveel om een eenheid van my bloed te neem, wat ons in die bleek en geskokte liggaam ingetap het. Die bloeding het opgehou, en spoedig was die pasiënt beter. Inderdaad, ‘n paar dae later was sy terug in die kantoor, fris en gesond met ‘n pragtige baba en oneindige dankbaarheid vir die geskenk van my bloed.

Die situasie het my voorsien van ‘n opening om die wonderlike verhaal van ons Heiland te deel, wat Sy bloed gegee het om ons almal te red! Terwyl ek in daardie groot bruin oë gekyk het wat geglinster het met trane van dankbaarheid, het ek meer duidelik verstaan as ooit tevore dat ons tweekeer Christus se besitting is: eerstens deur skepping; en tweedens, deur verlossing—verlossing deur Sy bloed.

Of soos wat Paulus skryf: “En dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam” (1 Kor. 6:19, 20).[i]

Ja, Paulus vermaan ons om alles te doen om God te verheerlik. “Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.” (1 Kor. 10:31). Maar nie slegs wat ons eet of drink nie. Op ten minste drie geleenthede verwys Paulus na die menslike liggaam as die tempel van God en dat Sy Gees in daardie tempel woon (1 Kor. 3:16; 6:19; 2 Kor. 6:16). Al ons gedrag en houdings, insluitende ons gesondheidsgewoontes, behoort eerbetoon aan God te bewys omdat ons teen ‘n prys gekoop is, Sy bloed.

## Beginsels van Gesondheid

God het Sy belangstelling in die gesondheid van Sy volk gedemonstreer vanaf die Skepping. Hy het ‘n manjifieke omgewing geskep om die welstand van Sy skepsels te onderhou. Hy het ‘n voedsame dieet voorsien, vars lug, suiwer water, en geleentheid vir oefening terwyl ons ouers die tuin bewerk het. Hy het vir Adam en Eva se geestelike gesondheid omgegee en met hulle geloop en gepraat in die koelte van die aand.

Vanaf die begin was geestelikheid en gesondheid ineengeweef. Die aarde het uit die Skepper se hand gekom, gereed om die tuiste te wees van die skepsels van Sy ontwerp. Selfs na die Sondeval, en die vloed, en die

gevangenskap, het God Sy besorgheid vir Sy volk gedemonstreer deur aan hulle spesifieke riglyne te gee rakende gesondheid.

Inderdaad, vroeg in die Ou Testament het God dit goed gedink om Sy volk instruksies oor gesonde lewenswyse te gee, insluitende dieet, reiniging, en seksuele gedrag. Hierdie instruksies sou voorkomend en kenmerkend wees, en hulle sou hulle beskerm teen baie van die siektes wat die Egiptenare geteister het.

Terwyl Jesus op die aarde was, het Hy fisiese en geestesgesondheid siektes genees, en vergifnis van sonde gekoppel met welstand en oorvloedige lewe, met ‘n definitiewe klem op emosionele welstand sowel as geestesgesondheid.

En, ook, God het versterkte instruksies gegee deur die raad van Ellen G. White. Dwarsdeur haar lewe, was sy die kanaal van inligting wat die Adventiste Kerk se filosofie van gesondheid en geestelikheid gevorm het.

> “In die onderrig van gesondheidsbeginsels, hou in gedagte die groot doel van hervorming—dat sy doel is om die hoogste ontwikkeling van liggaam en verstand en siel te verseker. Wys dat die wette van die natuur, wat wette van God is, ontwerp is vir ons welstand; dat gehoorsaamheid daaraan geluk in hierdie lewe promoveer, en help met die voorbereiding vir die lewe wat kom.”[ii]

> “Ons eerste plig teenoor God en ons medemens is die van selfontwikkeling. Elke vermoë waarmee die Skepper ons toegerus het, behoort gekweek te word tot die hoogste graad van volmaaktheid, sodat ons die grootste hoeveelheid goed kan doen waartoe ons in staat is. Die tyd wat spandeer word om goed te doen, tel vir dit wat gebruik word in die vestiging en bewaring van fisiese en geestesgesondheid.”[iii]

**Rentmeesterskap en Gesondheid**

Die visie wat in Junie 1863 aan Ellen White gegee was, openbaar dat dit ‘n geestelike plig is om die liggaamstempel te versorg en het die holistiese integrasie van liggaam, verstand, en gees, bevestig. Rus, sonskyn, gebalanseerde voeding, vertroue in God, oefening, matigheid, drink van water, en om vars lug in te asem, behou gebalanseerde heelheid. Die hoofdoel om vir ons gesondheid te sorg, is om ons in staat te stel om God en ons medemens te dien! Ons sal beter gesondheid geniet, maar ons is gered om te dien.

Die punt is duidelik: rentmeesterskap sluit in om vir ons gesondheid te sorg!

Wat fassinerend is, is dat Ellen White gepraat het oor baie kwessies met profetiese insig wat mediese wetenskap nou bewys het as korrek. *Time* tydskrif, in die 28 Oktober 1966 uitgawe,[iv] het verslag gedoen van die positiewe uitslag van die eerste Adventiste Gesondheidstudie en het die resultate beskryf as die “Adventiste se Voordeel,” wat ‘n vermindering in meeste kankers en in sklerose van die lewer ingesluit het. Daaropvolgende studies het ‘n betekenisvolle verhoging in langslewendheid getoon in diegene wat die Adventiste lewenstyl navolg. Die resultate van opvolg studies en statistiese ontledings was so oortuigend dat die Verenigde State se

Nasionale Instituut vir Gesondheid byna $20 miljoen toegewys het vir die uitvoering van Adventiste Gesondheidstudie-2.

Kortliks, die wetenskaplike leesstof is vol van die voordele wat voortspruit uit ‘n gesonde lewenstyl gebaseer op die wette van die natuur, die soort lewenstyl wat Ellen White so passievol gepromoveer het.[v]

Ingesluit in daardie wette van die natuur is nie slegs dieet nie, maar ook oefening en rus, alles wat sy as deel van ons rentmeesterskap van gesondheid gepromoveer het. Byvoorbeeld, daar is bewys dat oefening hoë bloeddruk verminder en help om koronêre aarsiektes, beroerte, tipe 2 diabetes, en osteoporose, te voorkom. Selfs matige oefening (ons hoef nie marathons te hardloop nie) kan die vlak van bloedvette beheer, die begin van Alzheimersiekte te vertraag, help om herhaling van sommige kankers te verminder, en depressie te verlig.

Net so belangrik as oefening, is rus. Hoe vaar ons ten opsigte van rus? Neem ons tyd om te herstel, om as’t ware die byl skerp te maak? Indien ons met ‘n groter bewustheid sou leef van die rentmeesterskap van gesondheid, sou ons meer doeltreffende werktuie in die Meester se hande wees. *Die Boodskap* deur Eugene Petersen som die punt so goed op: “’n Atleet wat oefen om fiks te bly, doen goed, maar dit help nie vir alles nie. Om egter geestelik te oefen om fiks te bly deur God te dien, is regtig die moeite werd. Dit help ‘n mens op alle maniere, vir die lewe hier op aarde én die lewe wat vir ons wag in die toekoms” (1 Tim. 4:8).[vi]

**Huisoppassers**

Max Lucado gebruik ‘n treffende illustrasie in sy boek *It’s Not About Me.*[vii] Hy beskryf twee nagmerrie scenario’s van huisoppassers wat in u afwesigheid u huis mag oppas. Die eerste herversier dit heeltemal anders as wat u smaak is, en gebruik die rede dat die huis die huisoppasser akkuraat moet voorstel. U onmiddellike reaksie: “Dit is nie joune nie!” Die tweede situasie is een waar herversiering nie die situasie is nie, maar verwaarlosing. Geen skottelgoed word ooit gewas nie, geen vullis verwyder nie, en die beddens word nooit opgemaak nie. Die rede: dit was ‘n tydelike reëling.

Beide huisoppassers het dieselfde fout gemaak: hulle het opgetree asof die huis hulle eie was om daarmee te doen wat hulle wou. Hoe kon hulle? Hoe kan ons—ons wat teen ‘n prys gekoop is—so dikwels optree asof ons aan onsself alleen behoort? God besit die tempel van ons liggame; en daarom moet ons as huisoppassers, getroue en versorgende rentmeesters wees van wat as ‘n geskenk aan ons gegee was.

Soos wat die apostel Petrus aan ons gesê het: “Omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18, 19).[viii]

Ja, u was teen ‘n prys gekoop – nie met silwer nie, ook nie met goud nie, maar met die bloed van Christus. Dit is tyd om daarvolgens te lewe. En om goeie rentmeesters te wees van ons gesondheid is ‘n kragtige manier om presies dit te doen.

**Peter N. Landless,** M.B.,B.Ch., M.Fam.Med., MFGP(SA), FCP(SA), FACC, FASNC, is direkteur van Adventiste Gesondheidsbedieninge van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste.

**DAG 4**

**Tema:** God Eerste deur andere te dien
**Titel:** Fasiliteerders van 'n Nuwe Visie
**Teks**: Lukas 18:35-43

## Fasiliteerders van 'n Nuwe Visie

Baie mense ly en sterf sonder ware hoop. Hulle is verward en verkeer in wanhoop oor wat hulle rondom hulle en binne hulle eie lewens sien. Hoe kan hulle oë oopgemaak word vir die werklikheid van God se liefde en verlossing? As verloste seuns en dogters, hoe herstel ons die visie van ons geblinddoekte wêreld? Deur die verhaal van Bartimeus, die blinde man van Jerigo, kan ons reflekteer op ons werklike deelname in God se finale sending. Ons lees in Lukas 18:35, "En terwyl Hy naby Jérigo kom, sit daar 'n blinde man langs die pad en bedel" - Dit is die laaste wonderwerk van Jesus wat in die Evangelie van Lukas genoem word.

Wanneer ons ookal hierdie gedeelte lees, fokus ons op die geloof en deursettingsvermoë van Bartimeus, die blinde man, en hoe Jesus sy sig herstel het. Wanneer Jesus in die omgewing is, kan blindes weer sien! In hierdie nadenke, sal ons konsentreer op die rol wat deur die skare gespeel was, en deur die volgelinge en dissipels van Jesus. In die volgelinge van Jesus kan ons vier gewoontes van optrede identifiseer: Verbyganger Gewoonte, Stilmaak Gewoonte, Fasiliteringsgewoonte, en Lofgewoonte. In watter gewoonte is ek op die oomblik?

### Die Verbyganger Gewoonte

Lukas 18:36-37 sê vir ons, "En toe hy 'n skare hoor verbygaan, vra hy wat dit is. En hulle vertel hom: Jesus die Nasaréner gaan verby." Jesus was nie alleen op sy reis na en deur Jérigo nie. Die dissipels was saam met hom, en die teks sê vir ons dat baie ander ook deel van Sy gevolg was. Hierdie binnekring het sy leringe geniet, Sy seëninge ontvang, en deelgeneem in die roem van die rabbi van Nasaret, wat nou op die toppunt van Sy gewildheid was.

Die blinde man kon slegs "*hoor dat 'n skare verbygaan*." Hy kon waarskynlik die geluid van voete hoor, die geluid van die skare wat praat, en, van tyd tot tyd, 'n klompie hallelujas en amens. Iets ongewoon was besig om te gebeur; maar geen duidelike boodskap was gehoor deur diegene buite die groep van volgelinge nie. Bartimeus, as 'n omstander, kon die verbygang van hierdie prosessie aanvoel, maar kon skaars die ware doel raai. Hy het die inisiatief geneem om te vra. Nie baie het dieselfde vermetelheid nie.

Die Adventistekerk het 'n teenwoordigheid gevestig in meer as 200 lande, en die meeste belangrike stede en streke van die wêreld. Laat ons onsself egter afvra: gee ons 'n duidelike boodskap oor die doel van ons bestaan? Verstaan mense ons sending duidelik?

Die antwoord wat deur Jesus se volgelinge gegee was, openbaar ‘n interessante ingesteltheid: “*Jesus van Nasaret het verbygegaan*.” Hulle was akkuraat en feitelik in die deel van die historiese Jesus sonder om Sy doel en sending te openbaar. Dit was ‘n verlore geleentheid om Bartimeus uit te nooi om deel van die skare te wees. Wat kon die rede wees? Hulle het Bartimeus gesien as ‘n blinde bedelaar. Wat hy moontlik nodig gehad het, was ‘n muntstuk, ‘n geldjie, of ‘n stukkie brood, of ander liefdadigheid. Hulle kon nie die smagting van Bartimeus vir iets dieper aanvoel nie.

Die reaksie van Bartimeus dui egter sy ware behoefte aan: “*Jesus, Seun van Dawid, wees my barmhartig!*” Vir hom was Jesus die Seun van Dawid. Die titel Seun van Dawid, was ‘n messiaanse groet. Josephus, die Joodse geskiedkundige, vertel ons dat in Judaïsme, geglo was dat die Seun van Dawid groot mag gehad het om te genees. Bartimeus het nie na inligting oor Jesus gesoek nie, maar vir ‘n ingryping *van* Jesus in sy lewe.

Diegene in die verbyganger gewoonte het die merk gemis oor die werklike behoefte van mense rondom hulle. Dit sou jammer wees indien ons vir mense vertel, “Wie is Adventiste en wat glo hulle?” en voorsien in sommige basiese behoeftes, wanneer mense vir ‘n Verlosser en ‘n nuwe visie soek.

**Die Stilmaak Gewoonte**

In reaksie op die noodroep van Bartimeus het sommige volgelinge van Jesus ‘n ander gewoonte aangeneem. Ons lees in vers 39, “En die wat voor loop, bestraf hom dat hy moet stilbly.” Hierdie is die stilmaak gewoonte. Sommige weergawes gebruik selfs die woord “bestraf” om die ingryping van hierdie voorhardlopers te beskryf. Hulle het in hierdie stilmaak gewoonte betrokke geraak omdat hulle hulle verantwoordelikheid en die rol van Jesus misverstaan het.

Diegene wat voor geloop het, het geglo dat hulle verantwoordelikheid was om die weg skoon te maak, soos wat motorstoete doen voor die verbygaan van een of ander hoogwaardigheidsbekleër—om enige obstruksie vir die gladde deurgang van Jesus te verwyder. Bartimeus was as ‘n obstruksie gesien en daarom moes hy stilgemaak en weggejaag word. Hierdie houding is in teenstelling met die ware rol wat aan die voorlopers van Jesus gegee was. Johannes die Doper was ‘n voorloper van Jesus, en sy rol word in Lukas 1:16, 17 beskryf: “En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God. En hy sal voor Hom uit gaan in die gees en die krag van Elia, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die Here ‘n  toegeruste volk te berei.” Johannes moes optree as die brug tusssen die volk en Jesus—nie om hulle weg te jaag nie, maar om mense voor te berei om Jesus te ontmoet.

Vir hulle, was Bartimeus, ‘n blinde bedelaar, slegs ‘n laspos vir ‘n koninklike Messias wat oppad was na Jerusalem. Hulle het gefaal om te besef dat om blind en arm te wees Bartimeus gekwalifiseer het vir spesiale

aandag van Jesus. Hulle het die betekenis gemis van Jesus se inwydingstoespraak by die sinagoge van Nasaret, "*Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur"* (Lukas 4:18, 19). Jesus het gekom vir die blindes, die armes, die behoeftiges, en die sondaars.

Die stilmaak gewoonte is ongelukkig baie gewild onder Christene, selfs vandag. Dit gebeur wanneer ookal ons woorde, dade, en houdings mense op 'n afstand van Jesus en Sy kerk hou. Elke keer wat ons verstandelik of tasbaar iemand diskwalifiseer van verlossing, funksioneer ons in die stilmaak gewoonte. God verhoed!

**Die Fasiliteringsgewoonte**

Bewus van die reaksies van Sy volgelinge, sê die Bybel, "En Jesus het gaan staan en bevel gegee dat hy na Hom gebring moes word." (v. 40). Jesus het 'n verandering van gewoonte beveel, van die verbyganger en stilmaak gewoontes tot die fasiliteringsgewoonte. Dit was nie 'n voorstel nie, maar 'n bevel. In daardie bevel was 'n uitnodiging om die seën met andere te deel.

Diegene in die fasiliteringsgewoonte was nie die bron van seën nie. Hulle rol was om 'n kanaal te wees vir die Bron: Jesus. Vir hulle rol om betekenisvol te bly, moes hulle egter Bartimeus nader, die uitnodiging van Jesus deel, hom aan die arm vashou, sy voetstappe rig, die skare uit sy pad haal, en hom na Jesus bring. Dit was 'n ingewikkelde proses! In die Gees van Profesie, hoor ons 'n soortgelyke instruksie vir Sy kerk in die laaste dae:

> Sewendedag-Adventiste was deur God gekies as 'n buitengewone volk, apart van die wêreld … Hy het hulle Sy verteenwoordigers gemaak en het hulle geroep om ambassadeurs vir Hom te wees in die laaste werk van verlossing. Die grootste rykdom van waarheid wat ooit aan mense toevertrou was, die plegtigste en vreeslikste waarskuwings wat ooit deur God aan die mens gestuur was, was aan hulle toegesê om aan die wêreld te gee (*Testimonies for the Church, vol.* 7, 138).

COVID-19 het na ons aangekom. Ons praat oor die nuwe normaal, maar ons grootste en eerste verantwoordelikheid, om mense na Jesus en Sy Kerk te lei, het nie verander nie. Dit is selfs nou meer van toepassing as vantevore. Verwar ons sosiale afstandhouding met onttrekking van die voorlinie van sending?

**Die Prys Saam Gewoonte**

As 'n gevolg van betrokkenheid in die fasiliteringsgewoonte, sou die volgelinge van Jesus verskuif na die "Prys Saam Gewoonte." Ons lees in vers 43, "En onmiddellik het hy gesien en Hom gevolg, terwyl hy God verheerlik. En toe die hele volk dit sien, het hulle aan God die lof gegee." Die vorige blinde en die res van die mense het saamgebind, as een, in aanbidding.

God het Sy laaste dag kerk gevestig as ‘n gemeenskap wat geroep word om Hom te prys (Open. 1:6). ‘n Kerk wat nie prys nie funksioneer nie in harmonie met God se ontwerp nie. Die prysgewoonte word geaktiveer deur wat ons Jesus in ons lewens sien doen en in die lewe van ander. Geloofwaardige aanbidding en lof is die resultaat van die getuienis van God se mag en liefde. Hoe meer ons sien, hoe meer prys ons. ‘n Sendingkerk is in ‘n beter toestand om in die prys saam gewoonte te funksioneer.

Die huidige krisis het die fisiese samesyn van die kerk verswak. Kerkgeboue wat gesluit is, het baie gelei om tevrede te wees vir persoonlike uitdrukkings van geestelikheid, geskei van ander gelowiges. Ons luister na ‘n goeie preek op YouTube kanaal, geniet ‘n sessie van prys en sang op ‘n ander kanaal, en lees ‘n webjoernaal van ‘n ander webwerf vir daaglikse inspirasie. Ons beweeg rond op die web gedurig op soek na nuwigheid. Daar is niks verkeerd met die geniet van die rykheid van God se kerk deur hierdie veelvoudige produksies en bedieninge nie, maar dit is gevaarlik wanneer dit gedoen word ten koste van ons verbinding met ‘n kerkgemeenskap. Hierdie geïnspireerde woorde van Paulus bly vandag nog geldig: “En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. (Heb 10:24-25). God het Sy kinders ontwerp om deel te wees van, geseën te word deur, en ‘n seën te wees vir‘n plaaslike gemeenskap, in persoon of aanlyn. Die virus is nie die einde van God se kerk nie. Laat ons hierdie woorde van Jesus onthou: “Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (Matt 16:18).

**Gevolgtrekking**

As fasiliteerders van God se genade, is ons oppad om deel te neem in die finale lof: “Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het” (Open. 15:3, 4). Laat ons kies om nie in die verbyganger of stilmaak gewoonte te bly nie.

**Delf Dieper**

- Deel ‘n ondervinding van u wat iemand gehelp het om ‘n nuwe visie vir die lewe te aanvaar.
- Hoe kan ons meer funksioneer in die “Fasiliteringsgewoonte” gedurende hierdie seisoen van sosiale afstandhouding?
- Wie wil u graag na Jesus bring? Deel sy of haar naam vir voorbidding.

**My Belofte:**

**DAG 5**

**Tema:** God Eerste deur die Sabbat te hou
**Titel:** Die God Eerste Dag
**Bybelteks:** Lukas 6:6-10

## Die God Eerste Dag

Hoe het die Sabbat betrekking op die God Eerste beginsel? Die profeet Esegiël verklaar, "En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is." (Eseg. 20:20). Hierdie woorde openbaar dat die onderhouding van die Sabbat staan as 'n stelling van God se heerskappy oor ons lewens. Op dieselfde manier herinner Jesus se houding teenoor die Sabbat ons om God eerste te stel. In hierdie oordenking, besoek ons weer die verhaal wat in Lukas 6:6-10 gevind word om meer te leer oor die onderhouding van die Sabbat en om God eerste te stel.

### Om die God Eerste Ingesteldheid Aan te Kweek

Die verslag van hierdie wonderwerk begin met die woorde, "En op 'n ander sabbat." Die evangelies maak gereeld verwysings na die dade van Jesus gedurende die Sabbatdag – vanaf Vrydag sononder tot Saterdag sononder. In hierdie hoofstuk, het Lukas, die geskiedkundige, die twee gebeurtenisse met betrekking tot die Sabbat saamgekoppel. Die eerste een het betrekking op die dissipels wat koringare van die lande afgepluk het om te eet op die Sabbat. Die Fariseërs het hulle berispe omdat hulle die wet oortree het. In reaksie, het Jesus hulle dade regverdig en Homself as die Here van die Sabbat verklaar (Lukas 6:3, 4; Markus 2:27, 28; Mattheüs 12:5, 6). Die tweede gebeurtenis is 'n verslag van een van die wonderwerke van Jesus wat gedurende die Sabbat gedoen was. Waarom word soveel belangrikheid aan die Sabbat gegee in die evangelies?

In teenstelling met feeste soos die Paasfees, Tabernakels en Purim, was die viering van die Sabbat nie die herdenking van 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van Israel nie. Dit was en is die weeklikse herdenking van die daad van die skepping: God het dit alles geskape. Alles het ontstaan deur die aanvanklike ingryping van God in die heelal. As sulks is hierdie dag 'n voortdurende herinnering dat God Eerste en Voorsiener is. Sonder twyfel het die onderhouding van die Sabbat Jesus gehelp om 'n duidelike begrip te behou van Sy affiliasie met die Vader, soos uitgedruk in die woorde, "Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee" (Johannes 3:35). Die Vader is die Eienaar-Voorsiener en die Seun tree op as Sy Bestuurder.

Ellen White het hierdie woorde geskryf oor hierdie belangrikste doel van die Sabbat: "Geen ander instelling wat aan die Jode gegee is, was so bereken om hulle van die omliggende nasies te onderskei as die Sabbat nie. God het bedoel dat die onderhouding daarvan hulle sou onderskei as aanbidders van Hom. Dit moes 'n teken wees van hulle afsondering van afgodery en hul verbintenis met die ware God" (*Die Koning van die Eeue*, 232). Die doel van die Sabbat is vir die mensdom om hulle lewens in lyn met die heelal, God Eerste, te stel deur Hom te erken as Voorsiener en Onderhouer.

Die menslike bestaan ontvou in twee vlakke: tyd en ruimte. Adam was geskep op die sesde dag en in ‘n tuin geplaas. As lewende wesens, neem ons nie slegs ruimte in beslag nie, maar gedurige verandering van die materiële wêreld rondom ons. Dit is inderdaad God se plan vir die mensdom (Gen. 2:15). Hierdie poging lewer egter ‘n risiko op om te vergeet dat ons verwant is aan en afhanklik is van ‘n Skepper. Baie het opgeëindig om op ‘n suiwer materialistiese ingesteldheid te funksioneer. Om hierdie uitkoms te voorkom, het God die eerste volle dag van bestaan nie as ‘n werkdag gestel nie, maar as ‘n dag van rus. Deur die Sabbat te hou, het Jesus ‘n voorbeeld gestel van die perspektief wat ons rakende dade behoort te aanvaar: "Ek kan uit Myself niks doen nie" (Johannes 5:30). Die Sabbat help ons om te onthou dat ons nie diegene is wat die wêreld onderhou en ons bestaan onderhou nie. Sabbatonderhouding is noodsaaklik vir ons om ‘n God Eerste ingesteldheid te ontwikkel.

**God Eerste Deur Gesamentlike Aanbidding**

Op hierdie Sabbat het Jesus "*in die sinagoge ingegaan,"* letterlik na die plek van samekoms, en Hy was betrokke in "*onderrig."* Die sinagoge het ‘n belangrike rol gespeel in die aardse bediening van Jesus. Die evangelies assosieer die bediening van Jesus met die sinagoge meer as 10 keer. Die byeenkoms van gelowiges in klein groepe vir gebed, met geen offerande nie, kan terug nagespoor word tot die tyd van Salomo. Sinagoges was egter formeel georganiseer gedurende die Babiloniese ballingskap, na die vernietiging van die tempel van Jerusalem. Hierdie geboue was die middelpunt van die sosiale en godsdienstige lewe van ‘n plaaslike Joodse gemeenskap. Hulle het gedien as skole, gemeenskapsentrums, byeenkomsplekke, hofsale, en as plekke van gebed en studie. Op die Sabbat was die ruimte beperk tot aanbidding en Skriftuurlesings. Verskeie gebede (seënbede en lofprysinge) was deel van die Sabbatdienste. Die instruksie element word gevind in die Pentateug (die vyf boeke van Moses), uit die geskrifte van die profete, en ‘n kort preek. Op daardie dag was Jesus gevra om of een deel van die lesings te doen of om die preek te lewer.

Aanbidding en om na God se Woord te luister, is twee fundamentele aktiwiteite van diegene wat God Eerste stel. Wanneer ons aanbid, erken ons wie God is en wanneer ons Sy Woord bestudeer, onderwerp ons aan Sy instruksies. Die Sabbatdienste voorsien die ruimte vir gelowiges om deur hierdie ervaring te gaan.

Jesus help ons om te verstaan dat die Sabbatrus nie gelykstaande is aan ‘n dag van onaktiwiteit nie. Die Sabbatrus, afgesien daarvan om in ons ingesteldheid van om in die Here te rus, aan te kweek, voorsien tasbare tyd vir aanbidding en die studie van God se werk. Ons bevry onsself van die besige aktiwiteite van die week en raak betrokke in meer verheffende aktiwiteite. Die uiteindelike doel van die Sabbat is nie om rus te voorsien aan ons moeë spiere nie of om ‘n dag te hê waartydens ons rond kan swerf nie, maar om die moontlikheid vir ons om God te aanbid en Sy woord te hoor, te vermeerder. Gedurende die week kan ons hierdie geestelike oefening persoonlik geniet en saam met ons gesin en op die Sabbat is ‘n gesamentlike geestelike ervaring vir ons beskikbaar. Wanneer gelowiges as ‘n familie saamkom, erken hulle hulle affiliasie met Een God en Een Verlosser.

Twee gebruike raak ongelukkig nuwerwets onder God se volk gedurende hierdie tyd van pandemie en sosiale afstandhouding. Eerstens, sommige is in die versoeking om die ure van die Sabbat te gebruik vir lang natuurlike staproetes, in plaas daarvan om deel te neem in gesamentlike aanbidding in persoon of aanlyn. Die natuur is inderdaad God se tweede boek, maar dit is nie God se plan dat 'n natuuruitstappie gesamentlike aanbidding moet vervang nie, maar dat dit dit komplimenteer. 'n Ander gebruik is die buffet-ete kerk: gelowiges wat van een webtuiste na 'n ander spring op soek na die Sabbatskoolonderwyser, die aanbiddingsleier en die prediker wat die beste by hulle smaak pas. Die aanbiddingsondervinding word gereël om die persoonlike voorkeure te bevredig ten koste daarvan om deel te wees van 'n samekoms van gelowiges, soos geïllustreer in die sinagoge ervarings van Jesus. Volgens die apostel Paulus, word bedieninge deur Christus gevestig "sodat die liggaam van Christus opgebou kan word," en nie om alleenstaande Christene aan te moedig nie (Efe. 4:11-12).

**God Eerste Deur Bediening**

Beide by die bad van Betesda en in hierdie sinagoge, het Jesus die ure van die Sabbat gebruik om die behoeftes van diegene wat kwesbaar was, te bedien. In reaksie op die aanval van die Fariseërs het Hy hierdie retoriese vraag gevra: *"Wat is geoorloof op die sabbat – om goed te doen of kwaad te doen; om 'n lewe te red of óm te bring?"* (Lukas 6:9). Hoe demonstreer hierdie dade van diens, barmhartigheid, en genesing die God Eerste beginsel?

Gedurende die werksdae van die week, Sondag tot Vrydag, werk ons en geniet die vrugte van ons arbeid. Die aard van die werk wat op Sabbat gedoen word, het twee verskillende karaktertrekke. Eerstens, op die sewende dag, werk ons uitsluitlik vir die belange van ander. Self word verloën. Abraham Heschel in sy boek, *The Sabbath*, praat oor die altruïstiese aard van die aktiwiteite vir die Sabbature. "Daar is 'n gebied van tyd waar die doel nie is om te hê nie, maar om te wees, nie om te besit nie, maar om te gee, nie om te beheer nie, maar om te deel, nie om te bedwing nie, maar om in harmonie te wees." Tweedens, ons diens aan die behoeftiges is gelyk aan diens vir God. Die wyse man verklaar dat "Wie hom ontferm oor die arme, leen aan die Here," (Spr. 19:17) en Jesus noem dat "vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen" (Matt. 25:40). Alle dade van welwillendheid word uiteindelik aan God gedoen. Die Sabbat is die God Eerste dag per uitnemendheid omdat op hierdie dag ons onsself verloën en God dien deur andere.

Sonde en die gevolge daarvan verneder en skaad die beeld van God in mense. Ons herstel die beeld van God in die mensdom elke keer wanneer ons werk om die lewensomstandighede van andere te verbeter. Ellen White dra hierdie idee oor in haar geskrifte: "Elke valse godsdiens leer sy aanhangers om onverskillig teenoor menslike behoeftes en regte te staan. Die evangelie heg groot waarde aan die mens, as gekoop deur die bloed van Christus, en leer tedere sorg vir die behoeftes en ellende van die mens. (*Die Koning van die Eeue*, bl. 236). Enige vorm van herstellende bediening help die begunstigdes en waarnemers om God se liefde en krag te waardeer. Dit lei meer mense om God Eerste te stel.

Die manier wat Jesus die Sabbat gehou het, help om die God Eerste ingesteldheid aan te kweek, om die God Eerste beginsels te beoefen, en om andere te beïnvloed om hierdie lewensfilosofie te aanvaar. Wanneer die Sabbature belê word in gesamentlike aanbidding, Bybelstudie, en onselfsugtige bediening, word dit die mees bevredigende dag van die week, ‘n vreugde vir sabbathouers.

**Delf Dieper**

**-** Wat weerhou u daarvan om die Sabbat as die God Eerste dag te ervaar?

- Op watter maniere sou u daarvan hou om u Sabbatervaring te verryk?

- Is daar enigiemand wat enige vorms van uitdagings of vervolging ervaar om die Sabbat te hou? Deel sy/haar naam vir voorbidding.

**My Belofte:**

**DAG 6**

**Tema:** God Eerste deur die gebruik van tiendebetaling
**Titel:** Die Transaksie van ‘n Leeftyd
**Bybelteks:** Lukas 20:9-19

## Die Transaksie van ‘n Leeftyd

Die gelykenis van die landbouers, ook bekend as die gelykenis van die wingerd, word gevind in die evangelies van Mattheüs, Lukas, en Markus met klein variasies. In Lukas, dien die gelykenis as ‘n onmiddellike reaksie op ‘n argument wat Jesus met die hoofpriesters, die skrifgeleerdes, en die ouderlinge gehad het oor die bron van Sy gesag: “En hulle spreek met Hom en sê: Vertel ons deur watter gesag U hierdie dinge doen, of wie dit is wat U hierdie gesag gegee het?” (Lukas 20:2). Jesus gebruik die gelykenis van die landbouers om die bron van sy gesag, die verwerping van Sy gesag en die ongelukkige uitkoms, uit te brei. Die verhaal gaan oor die puik transaksie wat God met die mensdom gemaak het en Sy verwagtings van die begunstigdes van so ‘n puik transaksie. Ons is geseënd. Hoe is ons veronderstel om te reageer op so ‘n groot seën?

### ‘n Puik Transaksie

Die gelykenis open met ‘n transaksie tussen ‘n ryk eienaar en ‘n groep landbouers. Nadat hy sy wingerd gevestig het, het hy “*dit aan landbouers verhuur*” en vir ‘n geruime tyd uit die gebied verhuis (Lukas 20:9). Hierdie was ‘n puik transaksie omdat die huurders nie enige afbetalings hoef te gemaak het nie en ook nie enige vasgestelde betalings nie. Hulle het in die besigheid ingegaan sonder enige kontant. Verder was hulle slegs veronderstel om ‘n gedeelte van die oes aan die eienaar te gee. In die geval van geen oes of ‘n slegte oes, het die eienaar ook sy belegging verloor. Hy het die risiko met hulle gedeel. Niemand was in die transaksie gedwing nie, en die transaksie was gedoen uit vertroue. Die transaksie van ‘n leeftyd!

Die teksvers help ons om die onmiddellike resultate van hierdie gelykenis te verstaan: “Toe probeer die owerpriesters en die skrifgeleerdes in daardie selfde uur om die hande aan Hom te slaan, maar hulle het die volk gevrees; want hulle het geweet dat Hy hierdie gelykenis met die oog op hulle self uitgespreek het” (Lukas 20: 19). Hierdie leiers van die nasie het oorweeg dat Jesus hulle uitgebeeld het deur die figure van hierdie landbouers wat ‘n transaksie met die eienaar aangegaan het. God het goedgunstiglik ‘n verbond met Israel en sy leiers gesluit; daardeur het hulle die ontvangers geword van sy oorvloedige seëninge. In ruil daarvoor, het Hy verwag dat hulle Sy eienaarskap sou erken deur vrugte van dankbaarheid en lojaliteit in proporsie tot die seëninge ontvang, sou dra. Die transaksie van ‘n leeftyd!

Ellen White het uitgebrei op die toepassing van hierdie gelykenis: “Die gelykenis van die wingerd is nie alleen op die Joodse volk van toepassing nie. Dit hou vir ons ook ‘n les in. Die kerk in hierdie geslag is deur God met groot voorregte en seëninge toegerus en Hy verwag ooreenstemmende wins.” (*Die Gelykenisse van* Christus, bl.

270). Die Here het ons veelvuldige seëninge gegee in baie vorms en as die Eienaar van alles, verwag Hy dat ons Sy eienaarskap sal erken.

Tussen die baie dinge wat ons van God ontvang het, noem Deuteronòmium 8:18 een wat universeel is: "Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is." Die aard en die bedrag van die rykdom wat deur een of ander persoon geproduseer word mag verskil, maar aan almal gee Hy "die krag om rykdom te verwerwe." In ruil daarvoor, nooi Hy ons eenvoudig uit om Hom as die Eienaar en Voorsiener te onthou. Volgens Ellen White, "smag Christus daarna om van Sy wingerd die vrugte van heiligheid en onselfsugtigheid te ontvang" (*Die Gelykenisse van Christus*, bl. 272).

Een manier om ons kant van die transaksie na te kom, is om aan God 'n gedeelte van die seëninge terug te gee vir die seëninge ontvang deur tiendebetaling: "Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee – alles wat onder die herderstaf deurgaan – die tiende moet aan die Here heilig wees" (Lev. 27:32). Die boodskapper van die Here het hierdie woorde geskryf: "Hy vra ons om Hom as die **GEWER** van alle dinge te erken; daarom sê Hy: Van al julle besittings het ek 'n **TIENDE** vir Myself uitgehou, behalwe **SKENKINGS** en **OFFERGAWES**, wat na My skathuis gebring moet word." (*Raad oor Rentmeesterskap*, bl. 65). Sy trek ook 'n parallel tussen ons verantwoordelikheid en antieke Israel: "Onder die Joodse stelsel was geskenke en offers 'n onmisbare deel van die aanbidding van God. Die Israeliete is geleer om 'n tiende van hulle hele inkomste aan die diens van die heiligdom te bestee. Boonop moes hulle sondoffers, vrywillige offers en dankoffers bring. Dit was die middele ter ondersteuning van die evangeliebedienaars vir daardie tydperk. God verwag niks minder van ons as wat Hy van Sy volk van ouds verwag het nie." (*Die Gelykenisse van Christus*, bl. 274)

'n Ander risiko parallel bestaan tussen die gelykenis van die landbouers en die gebruik van tiendebetaling: God neem deel aan die risiko. Indien die tiende dier wat onder die herderstaf deurgaan een is wat lam en swak is vra God nie vir 'n vervanging nie.

**'n Gebroke Transaksie**

Terwyl hy sy wingerd aan die groep landbouers uitleen, het die Eienaar die vanselfsprekende belofte gemaak dat die grond 'n goeie oes sou oplewer. Dit het gebeur wanneer die oestyd aangebreek het. Die landbouers het hulle verheug oor die goeie oes tot die dag wat hulle die besoek van sommige diensknegte van die Eienaar van die wingerd ontvang het. Het hulle die transaksie vergeet? Of het hulle gehoop dat die Eienaar die aanvanklike reëling vergeet het? Wat ookal die geval, hulle het gekies om nie die reëling na te kom nie. Tweekeer het diensknegte gekom om te versoek dit wat aan die eienaar verskuldig was; tweekeer het die landbouers hulle met leë hande weggestuur (verse 10-11). Asof hierdie nie genoeg was nie, het hulle senuweeagtig geword oor die herinnering

van die Eienaar en die diensknegte mishandel. Die situasie het versleg van die slaan van die diensknegte, na slae en skandelike behandeling, en tot die toediening van wonde. Die transaksie was verbreek.

Dit is interessant dat die Eienaar besluit het om geduldiger te wees teenoor hierdie ondankbare landbouers. Hy het een afvaardiging van diensknegte na die ander gestuur, maar tevergeefs. Uiteindelik het hy sy geliefde seun gestuur: "Toe sê die eienaar van die wingerd: Wat sal ek doen? Ek sal my geliefde seun stuur; miskien sal hulle ontsag hê as hulle hom sien" (Lukas 20:13). Die eienaar het die probleem geïdentifiseer as een van afwesigheid van respek. Ongelukkig, sou die lot van die seun erger wees: "Maar toe die landbouers hom sien, het hulle onder mekaar geredeneer en gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak, sodat die erfdeel ons s'n kan wees. En hulle het hom uit die wingerd gewerp en hom doodgemaak." (Lukas 20:14, 15). Hierdie finale reaksie openbaar die ware bedoeling van die landbouers. Dit was nie slegs oor die kwessie van om 'n gedeelte van die oes aan die eienaar te gee nie, maar om die ware Eienaar te vervang. Hulle wou nie onder die gesag van die Eienaar wees nie. Hulle wou onder hulle eie gesag wees, en om nie die oes te deel nie, was slegs 'n uiterlike uitdrukking van hierdie innerlike motiewe.

Die geskiedenis van antieke Israel getuig oor hoe hulle die verskillende boodskappers wat oor tyd deur God gestuur was, mishandel het. Hulle het God se soewereiniteit oor Sy wingerd, Israel, ontken. Op die tyd toe Jesus hierdie gelykenis vertel het, was hulle alreeds besig om planne te beraam om die geliefde Seun uit te skakel sodat hulle die mag kon behou. Kan ons Christene in 'n situasie wees om nie deel van die transaksie na te kom nie – die verbond?

'n Teksvers uit die profeet Maleági kan ons help om hierdie vraag te beantwoord. Ons lees in Maleági 1:6a, "'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My? sê die Here van die leërskare." God berispe hier Sy kinders omdat hulle Hom nie eer nie en nie respek betoon vir wie Hy is nie. Die gesprek tussen God en die leiers van Israel gaan voort om aan te dui hoe oneerbiedigheid ditself manifesteer:

> "Dit is julle, o priesters, wat My naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag? Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van die Here is veragtelik. **8** En as julle 'n blinde *dier* bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek *dier* bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die Here van die leërskare."

Die oneerbiedigheid vir God se gesag was sigbaar deur wat hulle *nie* aan God teruggebring het, soos in Maleági 3:8-9 genoem was nie: "Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. **9** Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!"

Ons kan die transaksie verbreek—die verbond, tussen ons en God, die Voorsiener van *"die vermoë om rykdom te verwerwe"*—deur gladnie tiende te betaal nie, nie tiende op alles te betaal nie, nie tiende as 'n behoorlike persentasie te betaal nie, om nie die tiende na die gepaste plek te stuur nie, en om die tiende op 'n ongepaste wyse te gebruik.

**'n Verskriklike Gevolg**

Kom ons gaan terug na die gelykenis om te verstaan hoe ernstig die oortreding is om nie ons deel van die transaksie na te kom nie. Jesus het die gelykenis geëindig met hierdie woorde: "Wat sal die eienaar van die wingerd dan aan hulle doen? **16** Hy sal kom en daardie landbouers ombring en die wingerd aan ander gee." (Lukas 20:15-16). Die eienaar sou Sy vertroue van hulle verwyder, en hulle sou die uiteindelike straf dra.

Sou die uitkoms dieselfde wees indien ons nie God se tiende op die wins van ons inkomste teruggee nie? Hy het na alles die volgende stelling gemaak in Psalm 50:9-12:

> Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie, **10** want al die wilde diere van die bos is
> myne, die vee op berge by duisende. **11** Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van
> My. **12** As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.

God het nie ons middele nodig nie, of dit klein of groot is. Iets groter is egter op die spel—dit is, om Sy gesag as Eienaar en Here van alles te eer en te respekteer. Dit was die kern van hierdie landbouers se foute. Die woorde van die apostel Paulus spel die belangrikheid uit daarvan om Jesus se heerskappy te erken: "Indien jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en in jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word." Ellen White bepaal die verhouding tussen tiendebetaling en erkenning van Jesus: "Tiendes en offergawes vir God is 'n erkenning van Sy aanspraak op ons deur die SKEPPING, en dit is ook 'n erkenning van Sy aanspraak van VERLOSSING. Aangesien alle mag van Christus verkry word, moet hierdie offergawes van ons na God vloei. Dit moet altyd voor ons die aanspraak van verlossing voorhou, die grootste van alle aansprake, en die een wat elke ander behels." (*Testimonies to the Church*, vol. 6, 479, beklemtoning voorsien). Om tiende terug te gee, is baie meer as 'n finansiële transaksie, dit is 'n uitdrukking van trou aan die heerskappy van Jesus wat alles van die Vader ontvang het.

Die Een wat beloof het "*om ons die vermoë te gee om rykdom te verwerwe*" het nie Sy woorde teruggetrek nie. Hy is getrou. Dit is die transaksie van 'n leeftyd. Gedurende hierdie Rentmeesterskap Beklemtoningweek, het Hy ons geduldig en liefdevol herinner aan Sy aanspraak. Dit is waar dat herinnerings oor finansiële verantwoordelikhede ons woedend mag maak, soos vir die landbouers in die gelykenis. Kom ons reflekteer op ons reaksies. Iets baie groter as finansiële middele is betrokke – dit is, kies ek om God Eerste te stel?

**Delf Dieper**

- Deel oor God se getrouheid, in u lewe, rakende Sy belofte, “Ek gee jou die vermoë om rykdom te verwerwe.”
- Wat maak dit moeilik vir ons om ons deel van die transaksie na te kom?
- Sou u daarvan hou dat die groep vir u voorbidding doen terwyl u kies om Jesus as Eienaar, Voorsiener, en Here, te respekteer?

**My Belofte:**

**DAG 7**

**Tema:** God Eerste deur opofferende offergawes
**Titel:** Milddadigheid … Selfs Wanneer dit Seermaak
**Teks:** Lukas 21:1-4

**Milddadigheid… Selfs Wanneer dit Seermaak**

Iemand het op ‘n Facebook boodskap wat om te gee aangemoedig het, gereageer: “Waarom moet ek aanhou om mense te nooi om te gee wanneer hulle alreeds swaar kry???” Hierdie woorde kan die mees entoesiastiese rentmeesterskap opvoeder van balans af gooi. Is oproepe om te gee gepas ten tye van hierdie krisis? Die kommentaar van Jesus rakende die gawes van ‘n arm weduwee, opgeskryf in Lukas 21:1-4, bring beter begrip vir die onderwerp van godsdienstige bydrae wanneer die lewe se omstandighede moeilik is.

**Offergawes Gedurende ‘n Krisis**

Lukas skryf oor Jesus se waarnemings rakende die gawes van aanbidders by die tempel van Jerusalem: “En toe Hy opkyk, sien Hy die rykes wat hulle gawes in die skatkis gooi. En Hy het ook ‘n arm weduwee daar twee geldstukkies sien ingooi. En Hy sê: Waarlik, Ek sê vir julle dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het. Want hulle almal het uit hul oorvloed by die gawes van God ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe” (Lukas 21:1-4).

In hierdie gedeelte het die uiterlike voorkoms van die aanbidders hulle finansiële toestande geopenbaar. Sommige was ryk en een was ‘n arm weduwee. Volgens Ellen White, kon die finansiële toestand van hierdie weduwee sommige waarnemers aangespoor het om haar vrygewigheid te ontmoedig. “Baie sou haar aangeraai het om haar geldjies vir haarself te hou, want in die hande van die welgevoede priesters sou dit verlore raak onder al die kosbare gawes wat na die skatkis gebring word.” (*Die Koning van die Eeue,* 518). In teenstelling, het Jesus nie die toepaslikheid van die waardigheid van die arm weduwee se gawe bevraagteken nie. Volgens Sy skatting, was dit norm vir beide ryk en arm aanbidders om bydraes in hulle aanbidding in te sluit. Deelname in bydraes is ook nie uitsluitlik vir die ryke nie, ook nie vir tye van oorvloed nie. In antieke dae, het God Sy profeet Elia gestuur om voedsel te vra van ‘n ander bybelse weduwee, wie se enigste middele die olie en meel was wat sy as die een laaste maaltyd vir haarself en haar seun wou voorberei.

In ‘n paar van sy briewe, doen die apostel Paulus oproepe vir die kerk in Jerusalem (Rom. 15:25-28; 1 Kor. 16:1-4; 2 Kor 8, 9). Die konteks was een van ‘n globale, Romeine Ryk-wye hongersnood (Handelinge 11:27-30). Twee gedeeltes van die skrywes van Paulus openbaar dat diegene wat uitgenooi was om deel te neem self die “aanstaande nood” ervaar het” (1 Kor. 7:26) en “swaar verdrukking” was (2 Kor. 8:2). Apostel Paulus prys

die Macedoniërs op dieselfde manier wat Jesus die arm weduwee geprys het: "Dat onder baie beproewing deur verdrukking hulle oorvloedige blydskap by hulle diepe armoede oorvloedig was in hulle ryke milddadigheid. Want hulle was na vermoë – ek betuig dit – ja, bo vermoë gewillig, en het ons met groot aandrang gesmeek dat ons hulle gawe en hulle deel in die diensbetoning aan die heiliges moet ontvang." (2 Kor. 8:2-4). Dit is duidelik dat God bedoel dat om te gee nie slegs vir ryk lidmate is nie, maar vir alle gelowiges.

**Opofferende Bydrae**

Jesus het 'n interessante skatting gemaak van die weduwee se gawe: "hierdie arm weduwee het meer ingesit as al die ander." Jesus se evaluasie was nie gebaseer op die geldelike waarde van die twee koper munstukkies nie. Jesus het gekyk na die gees van opoffering en die vertroue wat deur die weduwee getoon was; sy het gegee "alles wat sy gehad het om van te leef." Terwyl sy die gawes van die ryk bydraers met die weduwee se geldjie vergelyk, het Ellen White hierdie woorde geskryf: "Hulle groot bydraes het hulle van geen gerief of selfs weelde beroof nie; dit was vir hulle geen opoffering nie, en kon nie met die weduwee se geldjie in waarde vergelyk word nie." (*Die Koning van die Eeue*, 518). Sy het ook geskryf: "Dit was hierdie onselfsugtige gees en kinderlike geloof wat die Heiland se goedkeuring weggedra het (*Die Koning van die Eeue,* 519). Die werklike waarde van haar offergawes was nie gesien deur die bedrag wat sy gegee het nie, maar deur wat sy oorgehad het nadat sy gegee het, en die graad van haar geloof.

Dit is ongepas om te dink dat die Bybel simboliese bydraes van watter bedrag of kwaliteit as offergawes aanmoedig. Ons lees in Deuteronòmium 15:21, "Maar as daar 'n liggaamsgebrek aan is – lam of blind, enige lelike gebrek – dan moet jy dit nie aan die Here jou God offer nie." Ons offergawes behoort verteenwoordigend te wees van die beste wat ons kan bekostig. Behalwe dit, voorsien die Bybel 'n verwysingspunt vir ons om ons offergawes te bereken. Dit was die gebruik van die Israeliete om offergawes na die tempel in Jerusalem te bring wanneer hulle vir die drie hoof feeste gekom het. God het hulle voorsien met duidelike instruksies oor hierdie gebruik: "Elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van die Here jou God wat Hy jou gegee het" (Deut 16:17). Die offergawe behoort nie bereken te word in vergelyking met wat andere gegee het nie. Dit was nie slegs 'n bedrag wat as goed en aanvaarbaar oorweeg was nie, dit was tot die mate van die seëninge ontvang. Opofferende offergawe impliseer om jouself in te span tot die bes moontlik proporsie van inkomste ontvang van die Here. God laat dit aan elkeen van ons oor om hierdie besluit te maak.

Ellen White bied opofferende bydrae aan as God se plan vir Sy gewers. "En die afwesigheid van selfopoffering, in Sy belydende volgelinge, ag God as 'n ontkenning van die Christelike naam. Diegene wat bely om een met Christus te wees, en hulle selfsugtige begeertes vir ryk en duur klere, meubels, en voedsel bevredig, is Christene slegs in naam. Om 'n Christen te wees is om soos Christus te wees" (*Review & Herald*, 13 Okt. 1896).

Opofferende bydraes word uitgebeeld in die menswording, lewe en dood van Jesus. Ons word geroep om Jesus as ons voorbeeld en inspirasie te neem om te gee. Gelowiges groei as opofferende gewers wanneer hulle kies om wys en nederig te wees in al hulle uitgawes.

**Om Uit Liefde Te Gee**

Voordat hy die verhaal vertel van die weduwee se offergawe, vertel Lukas van Jesus se afkeuring van sommige Joodse leiers: "Pasop vir die skrifgeleerdes wat graag in lang klere rondloop en van die begroetinge op die markte hou en van die voorste banke in die sinagoges en die voorste plekke by die maaltye" (Lukas 20:46). Jesus het die soeke vir erkenning en eer wat die dade van hierdie leiers gemotiveer het, afgekeur. Die weduwee was aangedryf deur 'n ander motief. Ellen White sê vir ons dat "Saam met haar gawe het haar hart gegaan; en sy waarde was bepaal, nie volgens die waarde van die geldstukkies nie, maar volgens haar liefde vir God en haar belangstelling in Sy werk wat tot die daad gelei het." (*Die Koning van die Eeue*, 518). Jesus, van wie niks weggesteek kan word nie, het die motief van hierdie arm weduwee geken. Sy het uit liefde vir God en Sy werk gegee.

In verskeie gedeeltes, druk God minagting uit vir sommige vorms van opofferende offergawe: "Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie." (Jes. 1:11). Ons verstaan God se afkeur vir sommige oorvloedige offergawes beter wanneer ons die verskil oorweeg tussen om opofferend te gee en om uit liefde te gee: "En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie" (1 Kor. 13:3). Om opofferend te gee, beteken nie altyd dat ons uit liefde optree nie. Liefde word altyd uitgedruk deur om te gee, maar nie alle bydraes word deur liefde gemotiveer nie. Hierdie offergawes kan deur gewoonte, nakoming, die hoop op beloning, die vrees vir straf, en baie ander faktore onverwant aan liefde, gemotiveer word. Hierdie dade om te gee is van geen waarde in die oë van God nie. Hoe verseker ons dat ons bydraes deur liefde vir God en liefde vir ander aangedryf word?

Die apostel Paulus verduidelik hoe liefde die dryfveer word agter sy dade: "Want die liefde van Christus dring ons, omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het" (2 Kor. 5:14). Die versekering dat Christus gesterf het sodat hy kon lewe, was die brandstof wat Paulus vorentoe gedryf het. Hoe meer ons nadink oor Christus se opoffering namens ons, en hoe meer ons nadink oor God se genade en vergifnis, hoe meer sal ons dade en ons bydrae deur liefde gemotiveer word. Ellen White beskryf die proses van om 'n passievolle dissipel te word: "As Christus in die hart woon, sal die siel so vol van Sy liefde, en so vol van die vreugde van gemeenskap met Hom wees, dat hy sal vaskleef aan Hom. Deur Hom te aanskou, sal self vergeet word. Liefde vir Christus sal die dryfveer wees van alle dade." (*Skrede na Christus*, 47). Die woorde "woon", "gemeenskap", "kleef", "aanskou" praat oor die noue verhouding tussen God en mense en, as 'n gevolg, "sal

liefde vir Christus die dryfveer van aksie wees." Diegene in wie God 'n behae het, se intimiteit met Jesus sal in die smeltkroes van om te gee gesmee word.

Die Een wat Sy lewe vir ons opoffer, sodat ons die ewige lewe kan hê, nooi ons uit om gewers te wees in alle seisoene. Ons offergawes behoort die liefde wat God namens ons bewys het, te weergee: Hy het die hemel leeggemaak om verlossing vir ons te bring. Laat ons kies om gewers te wees waarin God 'n behae het. Ellen White lewer kommentaar, "Diegene wat die dringende liefde van God voel, vra nie hoe min hulle moet gee om aan die eise van God te voldoen nie" (*Skrede na Christus*, 47). In ons vennootskap met God, was ons somtyds tevrede met die minste. Nou, aangedryf deur liefde, sal ons slegs tevrede wees met niks anders as die beste nie.

**Delf Dieper**

- Was u al ooit deur iemand met 'n opofferende gees geïnspireer?
- Wat is sommige uitdagings wat ons mag konfronteer in ons pogings om vrygewig te bly in ons offergawes gedurende die huidige seisoen van ons lewe?
- Hoe sou u daarvan hou om as 'n gewer te groei in wie God 'n behae het?

**My Belofte:**

---

[i] Tekse geneem uit die Afrikaanse Bybel, 1933/1953 weergawe.
[ii] Ellen G. White, *The Ministry of Healing* (Mountain View, Calif.: Pacific Press Pub. Assn., 1905), p. 146. (Vry Vertaal).
[iii] Ellen G. White, *Counsels on Health* (Mountain View, Calif.: Pacific Press Pub. Assn., 1923), p. 107. (Vry Vertaal).
[iv] *Time* magazine, "Adventists' Advantage," October 28, 1966. (Vry Vertaal).
[v] Ellen G. White, *The Ministry of Healing* (Mountain View, Calif.: Pacific Press Pub. Assn., 1905), p. 146. (Vry Vertaal).
[vi] Tekse geneem uit Die Boodskap, Afrikaanse weergawe.
[vii] Max Lucado, *It's Not About Me* (Nashville, Tenn.: Thomas Nelson, 2004). (Vry Vertaal).
[viii] Sien i.